




# MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd



MEI 2021

# NUUSBRIEF

## TERUG SKOOL TOE OP 'N DRAFSTAP

Meer as 'n 1 000 Graad 1-leerlinge van 10 laerskole in die omgewing het op hul eerste skooldag 'n verrassingspakkie met skoolsak, kosblik en waterbottel ontvang.

“Die leerlinge was baie opgewonde toe hulle die pakkies kry. Baie dankie aan Matla A Bokone Solar dat hulle kinders se lewens op hierdie wyse geraak het”, **sê mnr. Mapete, die hoof van Zingiza Primêre Skool.**

Hierdie inisiatief se impak is drieledig en vorm deel van sosio-ekonomiese ontwikkeling, plaaslike ekonomiese ontwikkeling en KMMO ontwikkeling.



Mnr. Velile Mapete, hoof van Zingiza Primêre Skool, met sy nuwe Graad 1-leerlinge.

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE OM JOU HANDE TE WAS

Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.



1 Gebruik seep



2 Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers



3 Vryf die punte van die vingers



4 Vryf die gewigte



5 Spoel jou hande onder die kraan af



6 Droog jou hande deeglik af

**BLY VEILIG**  
#CoronaVirus


[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)

## “DROME WORD VERWESENLIK”

Toegang tot tersiêre onderrig is een van Matla A Bokone Solar se topprioriteite. Ons bied volledige studiebeurse aan belowende jong studente van die plaaslike gemeenskap wat daarvoor kwalifiseer. Die studiebeurse help hulle om hul drome van 'n tersiêre kwalifikasie te verwesenlik en stel hul in staat om loopbane te bou wat hul eie lewens, sowel as die van ander sal raak.

Ons het tans twee studente wat baccalaureusgrade aan Suid-Afrikaanse universiteite doen in die velde van onderwys en inligtingstechnologie. Ons wens hulle sterkte toe met die verwesenliking van hul drome.



## VROEÛKINDERONTWIKKELINGSPROGRAM: “LEER MY OM TE SPEL, SODAT EK KAN LEES EN SKRYF”



Die Francis Baard-distrik se onderwysdepartement en Matla A Bokone Solar werk saam met 12 jong vroue van die gemeenskap om kinders se geletterdheidsvlakke te verbeter.

Matla A Bokone Solar se Spell It-program is in Februarie 2021 van stapel gestuur in samewerking met Frances Baard-distrik se onderwysdepartement.

Die program vorm deel van ons onderwysinisiatiewe en help om werk vir 12 jong vroue van die gemeenskap te skep. Hulle funksioneer as leesafrigters en onderwysersassistente in hul betrokke gemeenskappe, by sewe plaaslike laerskole. Hierdie gemeenskappe sluit Riverton, Barkley West en Kimberley in.

Veels geluk en sterkte aan hierdie jong vroue wat saam met Matla A Bokone Solar en die onderwysdepartement werk om kinders se geletterdheidsvlakke te verbeter.

## OP JUL MERKE, GEREED, GAAN! PLAASLIKE ONDERNEMINGS VERSNEL



Entrepreneurs gedurende 'n opleidingskursus



Een van die Pitch Deck-wenners besoek die perseel

Die jaar 2021 het afgeskop met die aankondiging van die Pitch Deck-wenners. Die vyf plaaslike ondernemings wat gewen het sal befondsing, sake-afrigting, mentorskap en verdere ondersteuning ter ontwikkeling van hul ondernemings ontvang. Die entrepreneurs wat nie suksesvol was nie sal steeds mentorskap en ondersteuning ontvang.

Fase drie van die program, wat sal fokus op die implementering van 'n ondernemingsontwikkelingsplan, is van stapel gestuur met die bekendstelling van 'n opleidingskursus oor die stigting van nuwe sake-ondernemings.




## 2021 GEMEENSKAPVERGADERINGS

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwyse staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

## BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPROJEKTE (1STE KWARTAAL)

- Onderwys
- Vroeëkindertwikkeling
- Harte en Verstande
- Studiebeurse



Matla A Bokone Solar PV Facility  
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**  
Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

Onder die huidige inperkingsmaatreëls bly ons plaaslike kantoor gesluit en ons spanlede werk van hul huise af.

**Skakelbeampte**  
Lesego Mosiane  
079 492 5710  
lesego.mosiane@eimsafrica.com